Publication: Rapport (Gauteng), Beleef
Date: Sunday, August 21, 2022
Page: 16

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Rente-beleggings: Inflasie jou vyand

Dink mooi voor jy belê in dié tipe aanbiedings

Ek het heelwat reaksie van lesers gehad ná verlede week se rubriek "Beleggingsopsies vir ouer mense".

Vandag wil ek die onderwerp meer omvattend behandel na aanleiding van 'n vraag hieroor.

Die leser (65 jaar oud) het 'n woonhuis verkoop en sy het R2 miljoen om te belê. Sy moet 'n inkomste uit die belegging kry en het geen ander inkomste nie.

Sy stel baie belang in 'n lewenslange gewaarborgde vrywillige annuïteit (vrywillig beteken bloot dit is nie geld wat afkomstig is uit 'n pensioenfonds nie). Sy wil die maksimum inkomste hê.

Sy stem heeltemal met my saam dat op haar ouderdom met so min geld 'n mens eers vir jouself moet sorg en dat geld nalaat vir kinders nie so belangrik is nie.

En toe die vraag, "of sal ek liewer die geld vas belê by die bank?". Die bank bied goeie rente. Die geld is "vas" vir vyf jaar en ná die vyf jaar word die kapitaal terugbetaal. Dan moet sy natuurlik weer belê.

Ek gee nie finansiële raad sonder om al die faktore in ag te neem nie. Veral nie sommer so oor e-pos nie, maar die vraag was vir my interessant. So kom ons kyk hierna.

Pasop vir beloftes

My eerste probleem met sommige banke se rente-beloftes op vyfjaar-vastebeleggings lê op 'n etiese vlak.

Jy kry nie altyd wat jy "belowe" word nie. Soms, nie alle banke nie, maar ek het dit al gesien, word die saamgestelde rente oor die vyf jaar eenvoudig deur vyf (die getal jare) gedeel en dit word dan as die "rentekoers" aangebied.

Hier is 'n voorbeeld. Onetiese Bank bied rente aan van 11% per jaar. Maar toe ek die somme doen, sien ek die werklike rente is 9% per jaar. Wat Onetiese Bank doen, is om die saamgestelde rente, 9% per jaar oor vyf jaar, te neem (55% afgerond) en dit deur vyf te deel. Vandaar die 11% geadverteerde rente. Dit is vals.

My tweede probleem is die hoë rente wat sommiges aanbied, heelwat hoër as by die groot gevestigde banke.

Al speel hulle nie altyd die speletjie wat ek in my voorbeeld hierbo noem nie, is ek bevrees die risiko dat jy jou geld kan verloor by hierdie banke is heelwat hoër as by die gevestigde banke.

Die rede is dat hulle geld uitleen aan mense wat bereid is om hoë rente te betaal op lenings.

Dié wat nie elders lenings teen 'n skaflike rentekoers kan kry nie. Die slegte skuldenaars. Kortom, hoë rente, hoë risiko vir jou.

My derde probleem is inflasie. Met inflasie van 5% per jaar is die koopkrag van vandag se R100 oor vyf jaar net R78,13. Kortom, jou inkomste se koopkrag neem af.

En jy glo dalk jy kry jou kapitaal terug ná elke vyf jaar, maar die waarde is dan soveel minder.

Jy word armer

Die hele plan maak nie vir my sin nie. Soos ek hier uitwys, jy boer agteruit. Anders gestel, jy word armer.

Nou terug by die vraag. Ek het weer eens gekyk na werklike kwotasies, dit help om vergelykings glashelder te maak.

'n Vaste deposito by 'n groot en bekende bank, as jy maandeliks inkomste uit jou belegging wil hê en met 'n addisionele "ekstratjie" vir mense ouer as 55 jaar, is 9,10% rente per jaar.

Op ons belegging van R2 miljoen is dit 'n inkomste van R15 167 per maand vir die vyf jaar.

Dan kry jy jou R2 miljoen terug, wat jy dan weer belê vir inkomste.

'n Lewenslange gewaarborgde inkomste (nie net vir vyf jaar nie) by 'n groot en bekende versekeraar daarenteen begin met R12 070 per maand op 'n belegging van R2 miljoen.

Met die verskil, jou inkomste groei jaarliks met 5% teenoor die bank-voorbeeld wat gelyk bly en jaarliks 5% in waarde verloor weens inflasie.

Hierdie voorbeeld kom met 'n tienjaarwaarborg. As jy binne tien jaar sterf, dan betaal die inkomste uit tot aan die einde van tien jaar, anders lewenslank. En dit groei elke jaar.

Wil jy tog graag die volle kapitaal vir kinders nalaat ná jou dood, dan kyk ons na 'n lewenslange gewaarborgde inkomste van R9 799 per maand, wat jaarliks groei met 5%.

Neem kennis van die grafieke

Die grafieke wys die verskil duidelik uit.

Grafiek 1 wys die nominale verskil en hoe rente-inkomste op 'n bank-vastebelegging (as ons aanvaar dat die rentekoers dieselfde bly, dit kan natuurlik minder of meer wees met elke vyfjaarsiklus) gelyk bly, terwyl die lewenslange gewaarborgde inkomste-opsies onderskeidelik by jaar vyf en jaar nege meer word.

Grafiek 2 toon basies 'n soortgelyke verskil in inkomste, maar in reële terme, dus met inflasie in ag geneem.

Duideliker kan ek dit nie stel nie. As jy wil seker wees van 'n lewenslange inkomste, gewaarborg en wat met inflasie gaan bybly, is die antwoord voor die hand liggend.

Wat van belasting? Dit is nie so 'n groot probleem met enige van die twee opsies nie.

Die gewaarborgde annuïteit is net deels belasbaar. En met die rente-inkomste het jy die jaarlikse rente-vrystelling van R34 500 vir mense ouer as 65 jaar.

Dink mooi voor jy jouself op hoop laat neem deur rente-aanbiedings.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

Nominale inkomste per maand



Reële inkomste per maand



This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.